Indië Uitreik 2018

VOORLOPIGE REËLINGS DV:

Vertrek : Kaapstad Internasionale lughawe op **12 Maart 2018**

Terug: 28 Maart 2018

Kostes: ± R17 000-00 teen huidige rand/dollar waarde.

Ingesluit alle vliegtuigkaartjies, treinkaarties, huurmotors en akkommodasie.

Alle voornemende uitreikers na Indië onthou asb die sluitingsdatum is 16 Feb 2018. Daarna word die finale reis- en verblyfreëlings getref.

Toerustingsgeleenthede:

Vooraf gereelde byeenkomste sal wees op die volgende dae in Patmos:

- ***Sondagmiddag 18 en 25 Februarie 2018 om 16:30.***
  Dit word verwag en sal waardeer word as elke spanlid dit bywoon.

Donasies vir Indië Uitreik kan in die kerk se bankrekening inbetaal word, met verwysing "*Indië Uitreik*", of in 'n duidelik gemerkte koevert in die kollektebord geplaas word, of by die kerkkantoor inbetaal word.

Baie dankie vir die donasies wat reeds ontvang is!

Navrae: Chris & Mariana Miles 021 850 2229 / 073 586 2999

PADKOS BY ROUTE 77 (KERKTERREIN) 24 FEBRUARIE 2018 VANAF 09:30-13:00 TEN BATE VAN PROJEK 2019-FONDS

Kom en geniet padkos (soos in die ou dae) saam met ons langs die pad (onder bome en sambrele as die weer dit toelaat – andersins in die saal).

Elkeen pak sy eie padkos in die boks (word voorsien) volgens smaak en betaal daarvolgens **(slegs kontant).**

Die volgende padkos sal beskikbaar wees: varsgebakte brood, muffins, frikkadelle, hardgekookte eiers, samoosas, pasteie, vrugte, plaatkoek, koffie/tee.

Bring gerus eie opvoustoele en tafeltjies indien verkies.

Donasies in die vorm van bestanddele sal baie welkom wees. Handig asb in by kerkkantoor teen **Woensdag 21 Februarie.**

Kontakpersoon: Marie Cilliers (082 9564535)

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

U word hartlik uitgenooi deur die vroue van die NG Kerk Hottentots-Holland om deel te neem aan die program vir die **Wêreldbiddag vir Vroue.**

- Hierdie jaar vind dit plaas op **2 Maart 2018** om **10:00** in **NG Kerk Hottentots-Holland, h/v Gordon- & Cloentebergstraat.**
- Dit is ons wens dat daar soveel vroue moontlik van al die kerke sal daalneem aan die pogram, bv. as lesers.
- Die ander belangrike datum is **22 Ferbruarie** om **10:00**, vir 'n **oefensessie** in die **kerk**.

NAVRAE: Cecile Perold 074 0555 062 / 021 851 8657

Huis PAM Brink / Esperanza Versorgingsdiens vir Bejaardes
Verkiesing van nuwe Beheerraad

Een van die groot uitdagings wat Badisa en ander organisasies wat maatskaplike en soortgelyke versorgingsdienste aanbied deesdae ondervind, is om die vlak van kundigheid van beheerraadslede by tehuise en inrigtings te behou en te verhoog. Ons betree nou die seisoen waar beheerrade herkies word of waar mense uittree uit beheerrade. Daarom wil die moderatuur u graag hiermee versoek om asb lidmate met kundigheid op die vlak van bestuur, leierskap, regsgeleerdheid, finansies, eiendomme en menslike hulpbronne aan te moedig om hulleself beskikbaar te stel om op beheerrade te dien. Die impak van kundige mense kan 'n deurslaggewende rol speel in die sukses van Badisa se programme. Hiermee versoek ons enige *vrywillige* persoon wat sou belangstel om op die Beheerraad van die BADISA program te dien, om die voorgeskrewe nominasievorm by Mev. Mulder van Huis Esperanza (Tel. 021 - 854 7393) af te haal. Vorms moet voor/op 5 Maart 2018 om 13:00 by bg persoon ingehandig word.

GETUIENISSONDAG

Sondag, 18 Februarie is ons Getuienissondag.
Prof. Nico Koopman van Stellenbosch Teologiese Fakulteit sal as spreker optree by die oggenddiens om 09:00 en u word vriendelik uitgenooi na die geleentheid.